

# DIS TYD OM WEER TE TOER!

Ek het die voorreg gehad om Europa begin Oktobermaand te besoek en om myself eerstehands te vergewis van toer-omstandighede nadat die Koronavirus-pandemie ons getref het.

Ek wil sommer begin deur te sê dat al my reisreëlings klopdisselboom verloop het. Dit maak my baie positief dat ons beplande groepstoere vir 2022 ook sonder probleme sal kan plaasvind.


In kort die volgende opmerkings na my afgelope toer-ervaring:

- Ek moes my **Schengen-visumaansoek** vir die toer deur die Switserse Ambassade doen. Al wat anders was as vorige jare, was dat ek bewys van volledige inenting teen Covid-19 moes lewer. Ek het my paspoort met visum sonder enige probleme na twee weke terugontvang.
- Ek het met **Qatar Airways** tussen Suid-Afrika en Europa (Zurich) gevlieg. Tydens inbespreking vir die vlug in Johannesburg moes ek net my inentingsbewys toon en geen Covid-19 toets was nodig nie. Die vlugte het almal goed verloop. Dit het my opgeval dat al die vlugte voller was as wat ek verwag het, maar sonder enige probleme. 'n Mens moes wel 'n masker tydens die vlugte dra, maar tydens etes of iets te drinke kon jy die masker afhaal. Alle etes is soos voor die pandemietyd aanboord bedien. Elke passasier het ook 'n *sanitation kit*, met 'n masker, sanitasie gel en so meer ontvang. Qatar Airways het intussen sowaar hulle vlugte tussen Doha en Johannesburg na drie retoervlugte per dag vermeerder – 'n teken dat al hoe meer mense weer die wêreld begin verken.



- Met die oorsaak op die **Doha-lughawe** vir die aansluitingsvlug was daar ook geen probleme nie. Dit was ook nie nodig om enige spesiale dokumente te toon nie. Al die winkels en restaurante was soos voorheen oop en die lughawe was baie besig.
- Nadat ek in Zurich geland het, het ek sonder enige probleme deur paspoortbeheer beweeg en **Europa** binnegegaan. Ek moes net weer die inentingsbewys toon.
- In Switserland, Duitsland, Oostenryk en so meer kan 'n mens in die buitelug sonder 'n masker rondbeweeg. Jy moet net maskers dra in geboue en op openbare vervoer. Om toegang tot restaurante te kry moet jy ook jou inentingsbewys toon.
- Al was ek met duisende mense in aanraking op lughawens, stasies, vliegtuie, hotelle, restaurante en so meer, het ek nêrens onveilig gevoel wat die virus aanbetref nie. Oral het mense die Covid-19 protokolle nagekom en ek is mos ingeënt!

- Ongegronde vrese wat ek voor die toer gehad het, byvoorbeeld dat ek geweier mag word om 'n land binne te gaan of dat die toer-belewenis negatief sou wees as gevolg van die virus, was heeltemaal onnodig. Tewens, dit is 'n voordeel dat daar tans baie minder toeriste as voorheen is by gewilde toeriste-atraksies, maar dit sal seker nie vir lank so bly nie.



- Met my vertrek uit Europa moes ek wel 'n mondspeel Covid-19 PCR-toets by die lughawe laat doen om weer sonder probleme in Suid-Afrika toegelaat te word. Die hele proses was egter baie professioneel en effektief hanteer.

In aansluiting by my positiewe toer-ervaring, het daar 'n artikel deur Christopher Elliot die afgelope maand in **USA TODAY** verskyn, waaruit ek die volgende aanhaal:

**Just as 9/11 changed travel forever, so has COVID. This is the new normal. Get used to it.**

“Just as travel changed after 9/11 with increased security and stricter carry-on restrictions, we can absolutely expect travel post-pandemic to be permanently changed,” says Alexis Bowen, a founder of the travel platform Elsewhere.

In other words, travellers are realizing that the new normal means adapting to an ever-growing set of new policies and procedures, covering everything from coronavirus testing to sanitation protocols. If you haven't travelled since the pandemic started, you'll need to catch up.

So, what does the new normal in travel look like? Masks, of course. Vaccination certificates too. And comprehensive travel insurance. “Wearing masks – especially on planes – should be second nature by now,” says Debbie Pham, founder of the travel agency Live Travel.

The new normal in travel involves being well educated in each country's entry requirements and Covid-19 protocols that are in place.

Na byna twee jaar van “isolasie” as gevolg van die Koronavirus-pandemie, was my eerste toer na Europa 'n oorweldigend-positiewe ervaring. **Met 'n inentingsbewys en 'n positiewe gesindheid kan 'n mens verseker weer begin reis!**

**Gerhard van Dyk**

15 Oktober 2021

